

PERSVERKLARING

SARS SPOOR WERKGEWERS AAN OM NOU OP TE TREE NAMATE DIE SPERDATUM VAN 31 OKTOBER VIR TUSSENTYDSE REKONSILIASIE NADER KOM

Tshwane, 29 Oktober 2026 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) doen 'n beroep op werkgewers, wat nog nie hul tussentydse werkgewerrekonsiliasieverklaring (EMP501) vir 2026 ingedien het nie, om nou op te tree aangesien die indieningstydperk op 31 Oktober 2026 sluit.

Werkgewers moet hul salarisrolinligting vir die ses maande vanaf 1 Maart tot 31 Augustus 2026 rekonsilieer, insluitend bedrae vir lopende betaalstelsel (LBS), werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) en vaardigheidsontwikkelingsheffing (VOH), en seker maak dat werknemersinligting en IRP5/IT3(a)-sertifikate akkuraat en volledig is.

Met slegs drie dae oor waarsku SARS werkgewers om nie indienings tot op die laaste nippertjie uit te stel nie. Werkgewers word aangemoedig om genoeg tyd toe te laat om geldigheidsverklaringsfoute, afgekeurde indienings of teenstrydighede reg te stel wat kan verhinder dat hulle hul verpligtinge teen die sperdatum nakom.

Dit is belangrik om daarop te let dat indiening nie noodwendig beteken dat die proses afgehandel is nie. Nadat werkgewers 'n EMP501 ingedien het, moet hulle die status van hul indiening en hul LBS-kontroleskerm nagaan om te bevestig dat die rekonsiliasie suksesvol verwerk is.

SARS se boodskap aan werkgewers is eenvoudig: Dien in, verifieer en handel af. SARS beklemtoon ook dat werkgewers se nakoming van belastingverpligtinge Suid-Afrika se fiskale veerkragtigheid ondersteun. Die sperdatum val saam met die 2026-mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) en hernieude aandag aan die volhoubaarheid van Suid-Afrika se openbare finansies.

Werkgewerrekonsiliasie is meer as net 'n indieningsverpligting. Dit speel 'n belangrike rol in die integriteit van Suid-Afrika se inkomstestelsel. Elke akkurate verklaring verbeter die gehalte van die inligting waarop die belastingstelsel staatmaak en dra by

tot ons land se fiskale veerkragtigheid. SARS moderniseer belastingadministrasie om nakoming toenemend makliker te maak, maar daarmee saam kom die duidelike verwagting dat werkgewers hul verpligtinge nakom. Ons boodskap voor 31 Oktober is eenvoudig: Dien akkuraat in, verifieer die uitkoms en handel die proses af.

Die tussentydse indieningseisoen vir werkgewers vir 2026 weerspieël ook SARS se voortgesette pogings om belastingadministrasie te moderniseer. Verbeterings vir die huidige tussentydse LBS-indieningseisoen sluit in veranderinge aan die EMP201 en EMP501, nuwe bronkodes, hersiene geldigheidskontroles en verbeterings aan e@syFile™ Employer.

SARS herinner werkgewers daaraan dat laat of onakkurate indiening hulle aan boetes en rente kan blootstel. Die inkomstediens se nakomingsbenadering is daarop gemik om dit vir belastingpligtiges maklik te maak om hul verpligtinge vrywillig na te kom, terwyl nienakoming opgespoor en moeilik en duur gemaak word.

SARS bedank werkgewers wat reeds hul verpligtinge nagekom het en doen 'n beroep op diegene wat nog EMP501-verklarings moet indien om nou op te tree.

Verdere inligting oor die tussentydse werkgewerrekonsiliasieproses en indieningsvereistes is op die SARS-webwerf by www.sars.gov.za beskikbaar.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE